

21 Februarie Matteus 21:28-32, (Teks: 21:31b)

Wie ja sê, moet ja doen

Die Here Jesus rig die skokkende woorde van ons teksvers aan die kerkmense van daardie tyd, aan die ouderlinge en die owerpriesters, nadat Hy die gelykenis van die twee seuns vir hulle vertel het. Hiermee wou Hy sê dat Hy daardie godsdiens haat waar mense net "ja" sê maar dit nie bedoel nie en hulle beloftes nie nakom nie. Israel het "ja" gesê, net soos die een seun in die gelykenis. Hulle was ingesluit in die verbond. Maar toe Johannes die Doper die regte pad vir hulle kom wys het, het hulle hom nie geglo nie. Terselfdertyd het die sondaars, die straatvrouens en die townaars tot bekering gekom. Mense wie se lewe vantevore "nee" gesê het vir God, het geglo en Hom gedien. Hoe lyk u godsdiens? Hoeveel keer het u al ja gesê en nee gedoen? U het onder andere ja gesê toe u belydenis van geloof afgelê het. Toe het u beloof dat u die verbondsgemeenskap met God sal onderhou en dat u Hom van harte sal liefhê.

God laat sy deurgekoopte kerk betyds die waarskuwing hoor om tot gehoorsaamheid en lewensvernuwing te kom. Hy wek ons op deur sy Woord en Gees om weer met die regte gesindheid ons beloftes na te kom. Besef u hoe bevoorreg u is, dat die Here u betyds waarsku en hoe dringend dit is dat u moet luister?

Sing: Psalm 40:4

Ds. J.B. du Plessis (Heilbron)